Helderberg Gemeente
'n Passie vir God en 'n hart vir mense
en 'n wêreld in nood

ONS WAARDES
LEERBAARHEID
VERTROUE
DEERNIS
GASVRYHEID

NOTULE VAN DIE KERKRAADSVERGADERING 24 NOVEMBER 2020 OM 19:00 in DIE TENT

1. OPENING – Aneleh Fourie Le-Roux

2. KONSTITUERING VAN DIE VERGADERING – Aneleh Fourie Le-Roux

Besoekers: Gemeentelede is welkom as waarnemers en mag nie aktief deelneem of stem nie. Welkom aan Gerrie en Sus van Niekerk en Ben Krog

Die vergadering is gekonstitueer deur die voorsitter van die Kerkraad en die volgende persone het die vergadering bygewoon: Aneleh Fourie Le-Roux, Andre Westraat, Paul Barnard, Annelize de Beer, Kotze van Wyk, Paul Kilian, Danie Möller, Ulrich Barnard, Pierre Malan, Roux Joubert, Strydom Bruwer, Danie O'Kennedy, Marinda Prinsloo, Hermann Labuschagne, Chris Eagar, Annette Gerber, De Villiers Engelbrecht, Evan Marais, Antoinette du Toit (via Microsoft Teams), Marisa Viljoen (skriba)

3. **VERSKONINGS:** Jaco Moelich, Martin Le Roux, Loutjie Smit, Dirk Truter, Venesch Williams

4. WANDEL IN DIE WOORD – Paul Barnard

Galasiërs 6: Dra mekaar se laste

1Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. 2Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. 3As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself. 4Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. 5Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.

Ons gaan mekaar verantwoordelik hou:

- Mekaar aanvaar al verskil ons van mekaar.
- Niks gebeur buite 'n verhouding nie, die verhouding is belangriker as om reg of verkeerd te wees.
- Dat dit moeilik is om berusting te hê veral as die besluit nie iets is waarmee jy saamstem nie.
- Almal se opinies is belangrik en dit is beter om dit te deel as om stil te bly.
- Om openheid en respek vir mekaar se opinies te hê.
- Die boodskap word soms verkeerd verstaan.
- Sagmoedigheid is wanneer ek in lyn is met God.

5. NOTULE
   a. Bedieninge en taakspanne
      i. Die kerkraad neem kennis van alle notules.

b. Kerkraad
    i. Notule van die Kerkraadsvergadering gehou op 25 Augustus 2020 word goedgekeur.

6. LIEF EN LEED – Aneleh Fourie Le-Roux

- Geluk aan Paul Barnard wat verjaar het op 22 November 2020.
- Venesh Williams het bedank as kerkraadslid. Dink ook aan Venesh in die tyd, sy ouers was tot onlangs baie siek. Venesh bly nog steeds 'n lidmaat van ons gemeente. Sy omstandighede het egter so verander dat sy tyd baie beperk is om alles wat hy aanpak te kan inpas.
- Strydom Bruwer (enkel operasie). Ons is bly hy is weer op die been.
- Ons wens almal sterkte toe wat tans besig is met eksamens.
- Whatsapp is 'n plek waar ons kan gesels en kontak met mekaar kan hê tussen vergaderings. Gebruik dit asseblief en deel met ons jou gedagtes, vreugdes en gebedsversoeke.

7. SAKE UIT DIE VORIGE NOTULE

7.1. Beroeping – Andre Westraat

7.1.1. Kerkraad proses goedkeur – (sien Bylaag A vir volledige proses)

- Gesprek volg oor die gemeente se finansiële posisie en of die gemeente se finansies tans dit kan bekostig om 'n 4de predikant te beroep. Die ekonomiese toestande asook die besluit oor Selfdegeslag verbintenisse word aangevoer.
- Kerkraad word ook bewus gemaak van die werkslas van die 3 oorblywende predikante en dat nog 'n predikant benodig word.
- Vier kandidate is gekortlys en onderhoude met kandidate word beplan vir Saterdag, 5 Desember 2020.
- 'n Finale aanbod sal in samewerking met Rentmeesterskap voorberei word vir aanbieding aan die gekose beroepene so spoedig moontlik ná die beroepingsvergadering.
- Approbasie sal plaasvind tydens die laaste twee weke in Desember 2020.
- Gekose beroepene het 1 maand om die beroep te aanvaar.
- Diensaanvaarding word beplan vir 1 Maart 2021 afhangende van kennis gee periode en ander reëlings wat benodig mag word.

7.1.2. Datum van Spesiale Beroepsvergadering

- Tentatief: 8 Desember 2020

7.1.3. Rentmeesterspan bevestig bekostigbaarheid van pos – Chris Eagar

BYLAAG B:
Volgens die Rentmeesterspan se beplanning en begroting, is die pos van 'n leraar waarvoor die kerkraad wil beroep, wel finansieel volhoubaar vir die gemeente.
Dit word ook ondersteun deur die ooreenkoms met Helderberg Uitreik, ingevolge waarvan geloofsoffers wel toekomstig aangewend sal word om minstens gedeeltelik, die administratiewe kostes van uitreik inisiatiewe (soos die Uireikbestuurder se salaris) te dek.

Indien daar dalk enige twyfel bestaan het oor die finansiële volhoubaarheid, is daar dus addisionele befondsing wat toekomstig beskikbaar behoort te wees.

- Die pos word nie gedra uit die 10% van Uitreik nie.
- Uitreik neem groter verantwoordelikheid vir hulle eie uitgawes.
- In die mate waarin Uitreik meer van hul eie kostes dek, stel dit HG in staat om meer fondse van die kerkkas te kanaliseer na die predikantsposte.

BESLUIT: Die Kerkraad neem kennis van die proses en take van die Pre-Advies Kommissie en bedank die kommissie vir hulle verbintenis tot die proses. Die Kerkraad neem verder kennis van die feit dat daar 'n kortlys van vier kandidate is, en gee goedkeuring aan die Pre-Advies Kommissie om die proses te finaliseer rakende finale onderhoude ter voorbereiding van 'n beroepingsvergadering.

Na die gesprek het die meerderheid kerkraadslede gestem om wel voort te gaan met die beroepingsproses.

7.2. **Selfdegeslagverbintenisse – Aneleh**

7.2.1. Proses oorsig

7.2.2. Stemming per stembrief (konfidensieel) – n.a.v. korrespondensie vooraf gestuur Bylae C, D & E

Voorstel 1: Ons glo Jesus se woorde dat die huwelik 'n verbintenis tussen een man en een vrou is (Mat 19:4-5). Waar een man en een vrou deur God geskep is as sy verteenwoordiger as beeld van God het hy die mens geskep. Man en vrou het hy hulle geskep. (Gen. 1:27 & Gen. 2:21-24)

Voorstel 2: Ons glo dat die huwelik 'n verbintenis tussen een man en een vrou is. (Mat 19:4-5). Ons gee ook ruimte vir persone van dieselfde geslag wat 'n behoefte het om voor God, in 'n burgerlike verbintenis te staan wat gekenmerk word deur liefde en trou. Ons doen dit met die ingesteldheid/gesindheid van Paulus soos verwoord in 1 Kor. 13:12 – "Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken."

Die Voorsitter van die Kerkraad Aneleh Fourie Le-Roux vra verskeie kere aan die Kerkraadslede of hulle gemaklik is met die besluit, en of alle dokumentasie wat hulle ontvang het duidelik genoeg was. Sy versoek dat enige iemand welkom is om hulle besware, bekommernisse en vrae aan haar of die Dagbestuur te stuur vir verdere gesprekke.

- **BESLUIT: Voorstel 2 word aanvaar deur 14 stemme teen oor 4 stemme vir voorstel 1.**

Helderberg Gemeente se standpunt sal op 25 November 2020 via ons webtuiste, Facebook en Whatsapp groep gekommunikeer word.

Die volledige standpunt van die Kerkraad is soos volg:

NG Helderberg se standpunt oor Selfdegeslagverbintenisse aanvaar op 24 November 2020

1. Helderberg Gemeente is 'n gemeente wat saam met ander dissipels van ons Here Jesus Christus wil wees. Dissipelskap is Jesus se uitnodiging om saam met Hom te leef: "Jesus het na hulle geroep: "Kom, word my dissipels, en Ek sal julle vissers van mense maak!" (Mark 1:17).

2. Die reis van dissipelskap as geloofsvorming is altyd 'n reis saam met ander waartydens ons "Christus kan leer ken, die krag van sy opstanding ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood." (Fil. 3:3:10-11) Saam met die ander is dit vir ons 'n saak van eer om as verloste mense te lewe, want dit is God wat ons gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. (Fil. 2:12-13)

3. As Sy dissipels glo ons dat die Bybel in sy geheel en in al sy dele die Woord van God is, deur God geïnspireer en nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing en opvoeding om God se wil te gehoorsaam sodat die mens wat aan God behoort bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak. (2 Tim 3:16-17)>>

4. Dwarsdeur die Ou Testament en in Jesus se ganse bediening sien ons dat die mense wat geen waarde in die oë van die samelewing het nie, waardig geag is deur God. (Luk 4:18) Die mees verrassende en merkwaardige aspek van die Bybelse verhaal is natuurlik dat God Sélf mens geword het in Jesus van Nasaret! (Fil. 2:5-7) Sy menswording is die goeie nuus dat Jesus Immanuel is: God met die mens! (Jes. 7:14)

5. Ons verlossing, regverdigmaking en heiligmaking is volkome die werk van God se suiwer genade in Jesus Christus. Mense kan niks toevoeg tot hulle waarde voor God nie, want slegs die versoeningswerk van Jesus Christus maak hulle kind van God, regverdig en heilig. (Ef. 2:8-10)

6. God word verheerlik in 'n gemeenskap waar die beeld van God in mense en die heerlikheid van Christus wat van mense uitstraal, al hoe meer toeneem deur die werking van die Heilige Gees (Ef. 1:3-14 / 2 Kor. 3:18).

7. Helderberg Gemeente streef daarna om 'n inklusiewe geloofsgemeenskap te wees, waar almal kan saam reis op die pad van dissipelskap (heiligmaking), ongeag van geloofsoortuiging, ras, geslag, seksuele oriëntasie, agtergrond, klas of enige ander vorm van onderskeid (Hand. 10:34, Rom. 3:22). Ons glo dat almal ingesluit is in God se liefde (Joh. 3:16 – 17).

8. Die kerk, daarom ook Helderberg Gemeente, word in ons tyd uitgedaag om leiding te gee in die kwelvrae van ons tyd. As dissipels van die Here is dit ons verantwoordelikheid om saam met ander hieroor in gesprek te tree en saam te soek na die wil van die Here. (2 Tim 3:16 – 17)

9. Ons glo dat die huwelik 'n verbintenis tussen een man en een vrou is. (Mat 19:4-5). Ons gee ook ruimte vir persone van dieselfde geslag wat 'n behoefte het om voor God, in 'n burgerlike verbintenis te staan wat gekenmerk word deur liefde en trou. Ons doen dit met die ingesteldheid/gesindheid van Paulus soos verwoord in 1 Kor. 13:12 – "Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken."

10. Ons glo dat dissipels van die Here Jesus, in die manier hoe hulle van mekaar verskil, 'n getuienisverantwoordelikheid het. Helderberg Gemeente kies om saam met mekaar die pad te bly loop, met mekaar in gesprek te bly en saam te bly soek na antwoorde. Ons gee ook aan mekaar die ruimte om te verskil. (Fil. 2:1-11)

--0--

(Taakspan lede wat die Kerkraad bygewoon het as besoekers bedank die kerkraad vir die geleentheid en spreek weer hulle hartseer uit oor die besluit en verlaat die vergadering)

7.3. Administrasiefooi op inkomste generende bedienings – Aneleh Fourie Le-Roux

7.3.1. Met verwysing na notule punt 5.2.4. Vorige kerkraadsnotule – Bylaag (F)

7.3.2. Herbesoek die besluit Bylaag (met nuwe ooreenkoms)

- **Besluit:** Die kerkraad neem kennis van die voortgaande interaksie en positiewe kommunikasie tussen HU en die Rentmeesterskap span rakende die administrasiefooi vir inkomste genererende bedieninge, en verwys die besluit geneem op die vergadering van 25 Augustus 2020 vir revisie.

7.4. Jaarbeplanning Paul Barnard

7.4.1 Die beplanningsessies het plaasgevind 10 – 20 November 2020.

7.4.2 Begrotings en planne van alle bedieninge moet in plek wees teen 26 Januarie 2021.

7.5 Aanstelling van Musiek koördineerder – Annette Gerber

7.5.1. Die Aanbiddingspan is opgewonde en dankbaar oor die nuwe aanstelling van Pieter Gouws as die Musiekkoördineerder van die Informele- en Aanddienste vanaf 1 Desember 2020.

7.5.2. Dankie vir die Menslike Hulpbronspan en die Rentmeesterspan dat hulle na ons versoek geluister het en 'n salarisaanpassing gemaak het om ons in staat te stel om hom aan te stel.

7.5.3. Die Kerkraad neem kennis van die aanstelling en bekragtig die aanstelling.

8. NUWE SAKE

8.1. Dolering Aneleh Fourie Le-Roux en Paul Barnard

8.2. Dokumente is versprei in die gemeente, naamlik:

a) Brief aan Helderberg Gemeente lidmate en gewese lidmate
b) Kennisgewing van Dolering_Helderberg Groep +70_21Oktober2020
c) Wat is Dollering (Bylaag G, H en I)

Die voorsitter noem dat die brief het aangedui dat ons leraars en die kerkraad van Helderberg Gemeente kennis dra van die skrywe, wat egter nie die geval was nie, en in 'n opvolgbrief dat Helderberg Gemeente na aanleiding van die briewe doleer.

- Lidmate se vertroulike inligting moet respekteer word (POPI wet).
- Hoe gaan ons dit in die toekoms hanteer as ek as lidmaat/leraar van die Kerkraad verskil? (Ons sal hieraan aandag gee met ons volgende kerkraadsvergadering).
- Wat is die gevolg van hierdie besluit?
- Hoe hanteer ons die 100+ mense wat baie sterk voel teen selfdegeslag verbintenisse en die besluit wat die kerkraad geneem het?
- Die Algemene Sinode is besig met 'n proses en die resultaat behoort teen volgende jaar Februarie beskikbaar te wees.
- Ons moet mekaar dra in hierdie tyd, of ons doleer of nie.

- Ons beleid bepaal dat ons ruimte vir mekaar sal maak en ons gaan dit prakties moet uitleef.
- Die kerkraad word uitgenooi om praktiese idees en voorstelle oor hoe om die gemeente te help aan die Dagbestuur deur te gee.

8.1.1.Besluit:

Die Kerkraad erken die pyn en hartseer wat sommige lidmate binne die gemeente beleef oor die kerkraad se standpunt oor Selfdegeslagverbintenisse. Die Kerkraad neem kennis van die skrywes wat binne die gemeente gesirkuleer is, en die gepaardgaande persepsie wat geskep is dat NG Helderberg, as gemeente, doleer.
Die Kerkraad wil dit ondubbelsinnig stel dat die gemeente nie doleer nie.

Die Kerkraad onderneem om daadwerklike aksies te onderneem wat die standpunt oor Selfdegeslagverbintenisse sal beliggaam en ook ruimte te skep vir hulle wat hartseer is.

8.2 Disakloof – 2x Direksielede – Andre Westraat

8.2.1. Besluit:

Die Kerkraad neem met dank kennis van die volhoubaarheid, onder baie moeilike omstandighede, van die Disakloof kampterrein en die kerkraad onderneem om lidmate aktief aan te moedig om gebruik te maak van die kampterrein. Die Kerkraad bevestig dat Hannes Theron (lidmaat) die gemeente van NG Helderberg sal verteenwoordig op die bestuur van Disakloof, en dat André Westraat sal optree as sy sekundus.

8.3 . Finansiële Verslag (Bylaag J) – Chris Eagar

8.3.1 Die finansiële verslag is aan almal gestuur Kerkraadslede wat vrae het, is welkom om Chris te nader.

Daar is ruimte vir beter kommunikeer aan gemeente rakende ons finansiële situasie.

Ons is dankbaar oor die eenmalige finansies wat daar was om die bouery te finansier.

8.4 Onderlinge Sorg – Jaco Moelich

8.4.1 Jaco Moelich is ongelukkig nie beskikbaar vir terugvoering nie en staan die verslag oor tot die volgende Kerkraadsvergadering.

8.5 Benutting van Fasiliteite – Danie Möller

8.5.1 Die Kerkraad neem kennis van hierdie inisiatief en dra kennis dat dit nog steeds 'n prioriteit is.

8.6 Hantering van notules – Paul Barnard

8.6.1 Die Kerkraad hou vergaderings een keer per kwartaal en dit neem lank voor goedkeurings kan plaasvind. Bedieninge kan ongelukkig nie so lank wag voordat besluite uitgevoer word nie.

Voorstel: Ná die Dinsdag se kerkraadsvergadering sal die notule teen die Vrydag uitgestuur word vir terugvoering. Die volgende Maandag sal Marisa 'n Whatsapp 'reminder' stuur en vra vir terugvoering. Die terugvoering sal verwerk word en teen Dinsdag 12h00 aanvaar ons dat kerkraadslede die notule aanvaar het en word dit finaal goedgekeur. Die getekende notule word dan op ons Webblad geplaas vir gemeentelede, en word ook gestuur aan alle bedieninge.

Besluit: Die voorstel is aanvaar.

8.7 16 Dae van Aktivisme begin 25 November – 10 Desember) – Aneleh

Die kerkraad word uitgedaag om deel te word van "Thursdays in BLACK"
Dra elke Donderdag swart klere as 'n teken:

- Rou oor soveel mense se lewens wat verwoes word.
- Protes teen dit wat verkeerd is in ons samelewing:
  - Geweld teen vrouens en kinders.
  - Mense wat leef met gestremdhede.
  - Mense wat leef met MIV/VIGS.
  - Armoede en 'n groter bewustheid wat om ons aan gaan.

Voorsitter haal die volgende aan: "Vir 'n oomblik het jy bietjie anders gedink en vir 'n oomblik gedink aan mense"

9. "Celebration" & Dankies – Aneleh Fourie Le-Roux

- Geboue/bouery / Liturgiese ruimtes wat fantasties lyk.
- Dankbaar oor die proses tussen Uitreik en Rentmeesterskap.
- Nuwe aanstelling – Musiekkoördineerder.
- Aanbidding se beplanningsgeleentheid wat suksesvol aangebied is.
- Dankie vir die nuwe Bybelvertaling van 2020.
- Lidmate / bedieninge wat soveel energie gee vir die gemeente.
- Kers vir Aneleh vir die manier hoe sy die kerkraadsvergadering hanteer het.
- Dat ons gemeente 'n gemeente van hoop is.
- Here was ons genadig dat nie een van ons gemeentelede aan Covid19 oorlede is nie.
- Dankbaar vir die goeie kandidate wat aansoek gedoen het vir die nuwe leraarspos.

10. Ons volgende kerkraadsvergadering vind plaas op 26 Januarie 2021 om 19:00 in Kapel.

11. Afsluiting – Aneleh Fourie
Lees "Stop being good" uit *Made for goodness*Desmond Tutu en Mpho Tuto

Voorsitter: Aneleh Fourie Le-Roux

Skriba: Marisa Viljoen